Yzerfontein Stapnaweek 2023

ROETE:	Schaap Eiland en 16 Myl Strandstap	**DATUM:**	10 tot 11 November 2023

KOMMENTAAR

Ons groep arriveer so stuk-stuk Vrydagmiddag, almal slaan vinnig hul tent-tuiste vir die naweek op. Die see se gedruis op die effense briesie bring ons almal in 'n vakansie luim. Daar word saam gekuier op een staanplek wat as die basis vir die naweek dien. Daar was vooraf bespreek om saam kos te maak en elkeen het 'n bedrag bygedra. Die vure word aangesteek en daar word lekker saam gekuier en die sonsondergang net duskant ons word bewonder. Saterdagoggend spring ons om 8:00 weg na Schaap Eiland, dis laagwater met heerlike weer. Die eiland is so 4,35km waar ons gelukkig agv die laagwater kan oorstap en 'n breek met voete in die mooi poele kan geniet. Die terugstap is mooi tussen al die verskillende poele en rotsformasies. Die res van die middag kan almal die bakkery, restaurante of Blakes wyn besoek. 3 Brawe dames trotseer die yskoue see vir 'n vinnige swem. Teen 17:00 het die kring al groter begin raak en is die vure weer aangesteek vir 'n lekker hoenderbredie. 'n Groepie wat weer na die sonsondergang gaan kyk word verras met 'n sanger wat die oomblik magies saamvat. Sondag begin ons weer 8:00 stap vir 'n totale afstand van 10km. Ons draai by die 5km merk na 'n kort breek en besigtiging van 'n Galjoen mas wat uitgespoel het. Saam met 4 perde trotseer ons 'n bietjie frisser wind van voor, maar niemand kla nie en geselsend stap almal tot by die kampterrein waar ons groet, oppak en weer elkeen in ons eie rigting vertrek. Klimhoogte = 175m

STAPPER	LIDNOMMER	ADMINFOOI	KM	OPMERKING
Wynand Krause	2023039	R 10	19	
Madeleine Krause	2023038	R 10	19	
Danie Pienaar	2023085	R 10	19	
Susan Pienaar	2023086	R 10	19	
Freddie Pohl	2023090	R 10	19	
Susan Pohl	2023091	R 10	19	
Michelle Swart	2023153	R 10	19	
Amanda Matthee	2023045	R 10	19	
Beulagh Keulder	2023051	R 10	19	
Gerna Hough	2023131	R 10	19	
Desiree Timmet	2023127	R 10	19	
Miranda Myburgh	2023092	R 10	19	
Sinmarie Pieterse	2023082	R 10	19	
Alana van Rensburg	2023075	R 10	19	
Esme Josephs	2023125	R 10	19	
Ria Greeff	Besoeker	R 20	19	
Marietjie Woeke	Besoeker	R 20	19	
	TOTALE:	**R 190**	**323**	

NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:	Wynand
ITEMS GEBRUIK:	Geen

NAME OP WAGLYS	
Elvine en Carine het toe plek gekry maar weer gekanselleer.	
Michelle Krause het Donderdag kanselleer - maagaandoening.	

VERSLAG DEUR:	Madie Krause